



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 5 Augustus 2021

Gedagte van die week:

Always remember: your focus determines your reality!

Vertrekpunt:

Matteus 11:2-15

Meditasie uit die teks:

Ek glo dat verwagtinge wat ons van die lewe en van ander mense het, kan dodelik giftig wees (expectations are toxic!). Ek het dadelik hieraan gedink by die eerste lees van die teks van die week. Johannes die Doper twyfel aan Jesus se waarde omdat Jesus nie aan Johannes se vooropgestelde verwagting voldoen nie. Johannes hou nie van wat hy by ander hoor oor Jesus nie, want dit bevestig aan Hom dat Jesus nie is soos wat hy wil hê Jesus moet wees nie. Johannes die Doper het 'n magtige revolusionêr verwag ... maar nou is Jesus volgens wat Johannes verneem, "meek and mild", en niemand breek die tronkdeure oop nie. En dan volg die TWYFEL! Ek is nogal redelik oortuig dat baie gelowiges se twyfel juis hiermee te doen het. Ek verwag 'n A-simbool in Matriek, maar dan ontdek ek tsv al my gebede dat God nie 'n A-maker is nie. Ek verwag genesing vir my man se siekte, maar dan ontdek ek tsv al my gebede dat God nie 'n sonder-meer-altyd-geneser is nie. Ek begin my eie besigheid en verwag groot omset en wins, maar dan ontdek ek dat God nie 'n besigheidswaarborg is nie. Ek luister na my eie gebede, en dié van ander, en dan leer ek minder van wie God is en meer van wat ons verwagtinge is en hoe ons wil hê dat God moet wees. In ons teks leer ons dat die Skepper nie toelaat dat sy skepsels Hom vorm nie. Jesus laat toe dat Johannes die Doper Hom doop, maar laat nie toe dat Johannes Hom intimideer en manipuleer met onverantwoordelike en selfsugtig verwagtinge (teologie?) nie. Jesus het geweeet hoekom Hy is! Heel in die begin toe die Satan Hom in die woestyn versoek het, het Jesus ook nie beweeg nie! En wanneer Johannes die Doper en Petrus en die moordenaar aan die kruis en die soldate voor die kruis Hom in versoeking lei dan gee Hy ook nie toe nie. Die kruis het sy fokus gebly, anders was dit nooit! Ek is dankbaar vir die God in wie ek glo. Sy naam is van altyd af, "Ek is wie Ek is" (Eksodus 3:14).

Youtubeskakel:

Ons gaan nie Sondag 8 Augustus 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by <https://youtu.be/TvDVEvWlr3w>

Meditasie uit die lewe

Ons dink mos aan geloof as 'n reis. Ek lees hierdie besondere lied van Amanda Strydom raak. Ek dink die laaste sin is hierdie week, en in ons tyd, veral van toepassing. Volhard met die reis!

"Vuisvoos maar gefokus. Ek ry en ry en ry deur die lang Karoo met 'n suitcase vol gedagtes, ek kyk die ding maar so. Tussen Johannesburg en Noupoot word die landskap stadig klip, die klippe word 'n oseaan, my Nissan word 'n skip. Vuisvoos, maar gefokus, ek kry die wind van voor en die pad beef in die hitte soos die son die aarde moor. Duskant Middelburg ry daar 'n trok by my verby, op die deure die woord 'Unity', in neonblou gesprei. Die trok jaag oor die vlaktes van die krakende Karoo, en ek wonder hoeveel mense nog in unity kan glo. Vuisvoos, maar gefokus, vuisvoos teen die wind. Vuisvoos maar nog regop, vuisvoos teen die wind. Op Cradock gooi ek petrol in, ek voel die Oos-Kaap in my bloed. Amper tuis, amper tuis, my hartland, en ek ruik my ma se beddegoed. Op Radio Algoa sing John Denver uit die dood, "Take me home country roads", as ek by Cookhouse verbystoot. Al die ou bekende name groet my langs die pad, bakens wat nog sterk staan, wat my altyd huistoe vat: Middleton, Alicedale, Somerset-Oos, Paterson, Jansenville, Kommadagga, Kinkelbos en Kirkwood, Sondagsrivier, Pearston, Colchester, Coega. Die wêreld word nou groener, ek draai my venster oop. Ek ruik die see by Aloes, sit my voet neer en laat loop. En skielik sien ek water, ek voel die Baai se wind, en ek verbeel my ek hoor Pappa vra, "My vrou, waar bly die kind?" Vuisvoos, maar gefokus, vuisvoos teen die wind, vuisvoos maar nog regop, vuisvoos teen die wind. Ek onthou opeens gelate, en die engele lag saam: daar was 'n naambord langs die grootpad, "Perseverance" was sy naam!"

Dit is darem 'n gawe wat Amanda het. Dit is vir my só mooi. Dit sê so baie in min woorde. Volhardend en gefokus! Kom ons reis só!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com